NOMADES
November / Desember 2012 Nuusbrief

November 2012 staproete terugvoer - Bald Ibis, net sowat 5 Km vanaf Swinburn, 25Km vanaf Harrismith.
Net 4 stappers het kans gesien vir hierdie onbekende 'Wildernis' staproete'. Marius, Gerrie, Wilna en Christo het die avontuur meegemaak. Dag 1, die Saterdag het ons sowat 13Km geloop, Met beskrywings soos 'Vulture restaurant', 'Ferm Fountain', 'Cathedral cave', 'Windy corner', 'Rock face', 'Miricle fountain', 'Whale rock', 'Rock falls', 'Ouhout Tree', 'Poachers cave', Ladder', 'Yellow wood giant', 'Baboon Gorge', 'San cave' en 'The Clouds' hoef ek nie veel meer te sê oor die mooi en skoonheid van die plek nie. Die roete word inderdaad, soos ons vooraf geweet het, nie meer instandgehou nie, maar met die GPS koordinate wat Jacana vir my aangestuur het van die roete, kon ons waar daar enige onsekerehede is, met redelik klein stukkies 'bundu bush' weer op die roete uitkom. Die paadjie is in meeste gevalle nog heel sigbaar en bruikbaar. Sien die foto regs, ons het aan die regterkant opgegaan 'n draai aan daardie kant, op die rots/plant kontoer lyn geloop, en toe omgekom na die linkerkant van die groot kop (van rensburg kop) en later weer begin afdaal en oor die redelike gelyk grasvlaktes teruggewerk na die basiskamp. Die basiskamp het baie goeie fasiliteite, een groot saal met baie beddens en dan 'n kleiner kamer. In die groot saal is dan ook 'n 2-plaat gasstoof en yskas beskikbaar. Voor en agter die gebou is ook lekker braai-stoepe. 2 Storte en 2 toilette bedien die kamp. Defnitief iets anders as die normale roete met breë paadjies, snelwee, bordjies en geen bome om onder/oor te klim nie. Maar baie mooi en 'n lekker ervaring gewees.

Stappe vir 2012.
Nomades het 14 stappe hierdie jaar gehad. Klipkraal, Bermanzi, Broodboom,Koningklike nationale park (Drakansberg), Stamvrug, Whataba, Kaapchehoop, Queen rose, Mosomane, Bald Ibis en Strandloper(2 groepe). Die totale aantal persone wat saamgestap het is 67. Totale kilometers, gesamentlik was sowat 3935Km. Sowat 390 nagte is bespreek deur die jaar. Die stapper met die meeste kilometers was dan ook Wilna Moolman met sowat 273Km agter haar stewels. Die top 10 km kilometer totale was dan Wilna(273), Marius(267),Christo(225), Hans(137), Gerrie(130), Jannes(126), Karin(116), Phrina(102) en Ester(94).
Whataba en Desember se twee Strandloper stappe se getalle ook hierby ingesluit.
Maar kilometers is defnitief nie alles nie. Selfs al het jy net saamgegaan en glad nie gestap nie, is Jy nodig sodat ons 'n klub kan wees en sommer net ook lekker kan kuier in die vars-buitelug, en soms ook rond-om 'n lekker rokerige vuurtjie in die aande. Kom stap dus volgende jaar saam en word deel van ons lekker-kuier-groep.

Strandloper stap Keimond na Gonubie in die Ooskaap (net bo-kant Ooslondon), 'n 57Km staproete, hoofsaaklik op die strand.
Vir die groep 15-18 Desember is daar nog **4 plekke oop** agv persone wat moes kanseleer. Hulle het egter reeds hulle fooie betaal en gaan dit verloor. As u dus nog van 4 persone weet wat die plekke kan vul, kontak ons asb so gou mootlik om die reelings vas te maak.

Fotokompetiese
Weereens baie geluk aan elkee wat 'n prys in die fotokompetiese gewen het en dankie aan elkeen wat een of meer fotos ingestuur het. Die doel van die kompetiesie is tog om Jou stapervarings en spesiale oomblike met jou mede stappers te deel. Dankie aan Wilna vir organisering van en uitdruk van al die fotos en vir hantering van die stem-proses.
144 Fotos is ingestuur deur 11 Persone, die meeste deur een persoon 45 en die minste 2. 45 Fotos is in die Mense katogorie geplaas, 52 in die Natuur katogorie en 47 in die Vertel 'n storie katogorie. Al was daar in

somige gevalle meer as een posisies per persoon, is daar besluit om slegs een van die 9 pryse aan 'n persoon te gee (geen persoon kan meer as 1 prys wen nie) net om vir almal 'n goeie kans te gee.

Foto's 2012

Mense Kategorie		
1ste Plek : Jannes van Ryssen	2de Plek : Edith Steyn	3de Plek : Phrina Oosthuizen
Olga:'Vryf nog 'n bietjie asb Lance. @ Klipkraal.	Queen Rose-Oppad in die mis	Erika en die Broodboom.
Natuur Kategorie		
1ste Plek : Marius Stander	2de Plek : Wilna Moolman	3de Plek : Christo Vlok
Tugela kloof en Ampiteater in RNNP op sy mooiste.	Vasbyt en aanhou!. Hier SAL ek groei!	Gogga!
Vertel n Storie Kategorie		
1ste Plek : Paul Snyman	2de Plek : Erika Barnard	3de Plek : Corrie du Preez
Wat maak Wouter daar???, Gaan hy Inpas? @ Drakensberg.	Irma verduidelik aan ons... @ Klipkraal	Haresny in Tugela Kloof, Drakensberg

Pryse wat uitgedeel is sluit in, opvou bakkies, opvou stoeltjies, opvou borde, ~~opvou~~ kouse , draagbare pedometer,- lantern, -stofsuier en -koelhouertjie.

Bogenoemde fotos is ook sigbaar op die webtuiste. www.nomades.co.za

Jaarafsluiting @ 1 Saterdag 1 Desember 2012.
Daar was 'n baie goeie opkoms en meer as genoeg kos, dankie aan almal wat iets gebring of iets gereël of gedoen nie. Spesiaal ook aan Jan vir die pot pap wat groot aftrek gekry het. Almal het goed gekuier, maar niemand het die geleentheid benut om te swem nie. Sonder julle teenwoordigheid, sou dit nie moontlik kon wees nie.

Stappe vir 2013 *(wat reeds vasgemaak en bespreek is)*

25-27 Januarie. **Lesoba**.
Basiskamp stappe naby Clarens. 11 & 7 Km.

Tot op hede het al 9 persone al vir tent bespreek, 4 vir die chalets en 12 vir die stappershut wat nou vol is.
Kostes vir lede : R260(stappers hutte), R510(Chalets) en R190(Tentkampering).

22-25 Februarie. **Ama-Poot-Poot 13 & 6 Km.**
Baie mooi Dagstappe vanaf 'n netjiese basiskamp. Selfs 'n kaggeltjie in die sitkamer en die ablusie geriewe is in die huis.
Plek vir 24 stappers/persone.

21-24 Maart. **Injisuthi** - Giants Castle area, Drakensberg 3 nagte, 4 dae.
'n Paar persone het al bespreek en betaal vir die 8 bed groepskamer en ook vir die 8 beskikbare tentstaanplekke wat ek al geboek het.
Kostes vir lede : R510 vir 3 nagte in die 8-bed groepskamer, R255 vir 3 nagte in jou eie tent. Ander akomodasie ook beskikbaar. Daar is ook 4 bed chalets en 2 bed safari tente. Sien detail inligtingstuk wat ek in November 2012 uitgestuur is. Of bel my gerus vir meer info. Wie eerste betaal kry eerste plek.

22-26 September - **Tsitsikama** stap, 61 Km rugsak roete.
(Kalander, Blaaukrantz, Keurbos, Heuningkrans en Sleepkloof hutte. Slegs plek vir 12 persone.

Meer oor die res van 2013 se stappe volgende jaar, en hou ook julle Epos-in-mandjies dop of gaan kuier op die klub se webtuiste.

Finansies (uitgawe en inkomstes in November 2012)

Stapfooie inbetaal (Bald Ibis, Lesoba, Tsistsikama en Drakensberg).	: R8310.00
Uitbetalings aan roete eienaars/bestuurders. (Tsistsikama & Bald Ibis)	: R6400.00
Bankfooie (Kontant en Tjek inbetalings kos die klub baie, probeer vermy asb.	: R28.35
Huur van lokaal vir maand vergaderings.	: R80.00
Geskenke en pryse vir Jaarafsluit funksie.	: R1208.36
Rente in	: R1.81
Banksaldo einde November 2012	: R8307.95

Stap-resepte / Spyskaarte / Ete wenke?
Ek wil graag vir ons webtuiste 'n bietjie kos-sake ook plaas om ons mede(veral nuwe) stappers te help pak.
Stuur asb julle beste/lekerste/maklikste/ligte/enigste (jou dis moet aan een of meer van die eienskappe voldoen) resep/spyskaart aan my en ek sal erkenning gee aan jou en jou dis op die webtuiste.
Epos asb vir my. Dankie. Marius.

Laat hoor gerus van jou.
Kontak, my, Wilna of Jannes as julle enige voorstelle of vra het, of julle dienste wil aanbied om enige verbetering tot die klub te maak.

Stap en Kuier Groete tot later.

Marius Stander
Nomades Webmeester/Finansies/Nuusbrief.
Epos : MariusStanderPTA@gmail.com
Sel : 083 305 6223
Werk : 012 998 6267 x 116